## PROVINSIALE KENNISGEWING 119 VAN 2021

### POLOKWANE PLAASLIKE MUNISIPALITEIT
### KENNISGEWING VAN AANSOEK OM ONDERVERDELING VAN GEDEELTE 25 (‘n Gedeelte van Gedeelte 21) VAN DIE PLAAS TWEEFONTEIN 915 L.S. IN TERME VAN ARTIKEL 67(1)(B) VAN DIE POLOKWANE MUNISIPALE BEPLANNINGS BY-WET, 2017

Ek, Etienné Gerhardus van der Schyff van Hunter Theron Ingelyf, synde die gemagtigde agente van die aansoeker, gee hiermee ingevolge Artikel 95(1)(a) van die Polokwane Munisipale Beplannings By-Wet, 2017, kennis dat ons by die Polokwane Munisipaliteit aansoek gedoen het vir die onderverdeling van die plaas gedeelte, hieronder beskryf, ingevolge Artikel 67(1)(b) van die Polokwane Munisipale Beplannings By-Wet, 2017 .

Die bedoeling van die aansoeker is om die plaas gedeelte in twee (2) gedeeltes te onderverdeel naamlik Gedeelte 1 en ‘n Restant. Die bedoeling is verder om voorgestelde Gedeelte 1 te ontwikkel vir formele behuisings doeleindes en om die bestaande huis en buitegeboue op die voorgestelde Restant te akkkomodeer, en

Gelyktydig

Aansoek te doen vir toestemming ingevolge Wet 21 van 1940 vir die opheffing van Voorwaardes B. 1., 2., and 3. in Titelakte No. T25674/2005.

Enige beswaar(e) en/of kommentaar(e), insluitend die gronde van sodanige beswaar(e) en/of kommentaar(e) met volledige kontakbesonderhede, waarsonder die Munisipaliteit en/of applikant nie kan korrespondeer met die persoon of liggaam wat die beswaar(e) en/of kommentaar(e) ingedien het nie, moet ingedien by of gerig word aan: Bestuurder: Stads-en-Streeksbeplanning, Posbus 111, Polokwane, 0700 vanaf 8 Oktober 2021 (die datum van eerste plasing van hierdie kennisgewing). Sluitingsdatum van enige besware en/of kommentaar is 5 November 2021.

Volledige besonderhede en planne (indien enige) kan geïnspekteer word gedurende normale kantoorure by die Munisipale Kantoor, soos hieronder uiteengesit vir 'n tydperk van 28 dae vanaf die datum van die eerste publikasie van die kennisgewing in die Provinsiale Koerant/Polokwane Observer-koerante.

Adres van Munisipale Kantoor: Bestuurder: Stads-en-Streeksbeplanning, 2de Vloer, Wes Vleuel, Burgersentrum h/v Landdros Mare en Bodensteinstrate, Polokwane. Sluitingsdatum vir enige besware of kommentare: 5 November 2021

Adres van die applikant:

- Posadres: Posbus 489, Florida Hills, 1716
- Epos adres: etienne@huntertheron.co.za
- Adres van applikant: Hunter Theron Inc., 53 Conrad Straat, Florida Noord, 1709
- Kontak telefoonnommer: (011) 472 1613

Datums waarop kennisgewing gepubliseer word: 8 Oktober 2021 en 15 Oktober 2021

Beskrywing van Eiendom:

Gedeelte 25 (‘n Gedeelte van Gedeelte 21) van die Plaas Tweefontein 915 Registrasie Afdeling L.S., Limpopo Provinsie.

Aantal gedeeltes en voorgestelde areas:

Voorgestelde Gedeelte 1 ongeveer 5,5653 hektaar

Voorgestelde Restant ongeveer 3 hektaar

TOTAAL 8,5653 hektaar

Ligging van terrein : Aanliggend en ten ooste van die R101 (Landdros Maréstaat), bekend as Plot 25, Tweefontein, Polokwane, Limpopo, 0700, ten noorde van die Polokwane Sakesentrum.

8–15